Januarie 2022

Beste Lunsklipvriend

60 JAAR FEESNAWEEK 19 – 21 Maart 2022

Lunsklip se dagbestuur sien al baie lank uit na die 60ste kamp. Agv Covid kon ons nie in 2020 kamp nie en daarom kon die 60ste kamp nie in 2021 plaasvind nie. 2022 is nou die groot jaar! Ons is baie opgewonde daaroor.

Inskrywings: Besoekers skryf op dieselfde platform in as offisiere en Verkenners. Klik op die skakel en skryf voor 1 Maart in as besoeker.
https://inskrywings.voortrekkers.co.za/skryfin/LunsklipFeeskamp2022

Koste: Besoekers het ‘n keuse om vir een, twee of drie dae te kom en dienooreenkomstig te betaal. R150 per dag. Kampering op die Lunsklipterrein is gratis.
Persone wat nie op die terrein kamp nie maar elders tuisgaan, betaal dieselfde bedrag vir die etes maar is vir hulle eie verblyfkoste verantwoordelik.

Verblyf: Daar is genoeg plek vir enige persoon wat op die Lunsklip kampterrein wil saamkamp. ‘n Area sal in die piekniekterrein daarvoor gereed gemaak word en besoekers sal dus nie tussen die Verkenners kamp nie. Badkamers sal wel gedeel word en etes saam geëet word.
Vir diegene wat nie kans sien om te kamp nie, kan daar veblyf in gastehuise in die omgewing gereël word.

Program: Die senior Verkenners arriveer op Saterdag 19 Maart op die kamp. Hulle gaan hul eie kampprogram volg soos enige ander jaar.
Vir besoekers word ‘n feesprogram gereël, met die hoogtepunt Sondagaand.
Daar sal genoeg kuiertyd wees asook geleentheid om veld toe te gaan en spesiale plekke te besoek.

Kamphemp: Bestel gerus vanjaar se unieke en besonderse kamphemp teen slegs R180.

‘n Inligtingsbrief met meer detail sal later aan elke ingeskrewe persoon ge-e-pos word.

Vir enige navrae kontak onverwyld vir Janie van Heerden by 082 582 6354 of lunsklipkamp@gmail.com

Malan le Roux
Kampleier
Sel: 071 609 5167
www.lunsklip.org.za